17 Julie 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Ons moet diep duik – ons kan dit doen!

Ek was as 'n kind baie lief daarvoor om in die see te swem. Dit is voordat ek bang geword het vir die see! Dit was vir my vreeslik lekker as ek sien daar kom 'n baie groot golf, om diep te duik en op die sand te lê en te voel hoe die magtige water maar net oor my borrel. Ek het gewen, ek het die meesleurende krag van die golf gefnuik! En die ongeskonde opgaan na die vars lug het my so goed laat voel.

Dit is nou tyd vir diep duik. Vir laaglê. Die koronavirus, covid-19, se grootste golf is besig om op ons in Gauteng af te kom. Ons moet hom fnuik deur doer onder te bly. Gemasker, handegewas en afwagtend dat die skuim daar buite op die 2020 verbygaande strand gaan uitspoel. Ons kan dit dit doen!
- Anton Pienaar

Sondag 19 Julie se geleenthede

"Kan ons God vertrou?" is die tema van dié **Oordenking**. Aan die hand van Gen 12:1-7 dink ons saam oor onder andere die stelling *"Beloftes is aanmoedings en NIE belonings nie"*. Hier is die skakel wat jy kan gebruik om daarna te kyk **https://youtu.be/4Nc4swMTTWk**

Die **Kleuterkerk** en laerskool jongmense bespreek *"Hoe kies ek?"* (Gen 13:1-18). Wat is die verskil tussen Abram en Lot se keuses? Die Kleuterkerk-video gaan ook oor hierdie tema. Kyk gerus saam met die kinders hierna **https://youtu.be/AclKOBNrTmc** Die hoërskool jongmense is besig met die reeks *"Lewe waardevol"* wat handel oor wat is die verskil wat waardes aan my lewe maak. Hierdie Sondag gaan dit oor *"Lewe met respek"* (Mat 22:37-39).

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Fay voorberei, die teks is uit Psalm 139 en die tema is *"U ken my"*. Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem -
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-19-Julie.pdf

Wat is jou enigste troos? (Troos as sleutel) dit is die tema van Sondagaand 18:00 se **Soekliggesprek**. Jy kan virtueel daarby inskakel, onthou net om vir James van jou voorneme in die verband te laat weet, en jy word op die kontaklys geplaas. Die Zoom skakel is **https://us02web.zoom.us/j/89290809578**
Meeting ID: 892 9080 9578.

Stilwordgeleenthede spreekwoordelik ook op ys
Vriende, dit is duidelik dat die covid-infeksiekoers hier in ons omgewing in die rooizone ingaan. Daarom het ons gedink dit is net verantwoordelik om vir eers die stilwordgeleenthede in die kapel en kerk op ys te plaas. Sodra ons sien die oorwinning word behaal, gaan ons weer begin. Dus, tot verdere kennisgewing, geen amptelike stilwordgeleenthede by Stellastraat nie.

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloof
In die week se **Huisgeloofvraag** -
Gesels as gesin saam oor:

- "Watter verkeerde keuse het jy al gemaak en wat was die gevolge?"
- "Hoe kan ons mekaar help om goeie keuses te maak?"

Jeuggroepe
Volgens die kalender sou hierdie Sondag "Ouers@jeuggroepe" gewees het. Ons sou weer vir ouers die geleentheid gegee het om by die jeuggroepe te kuier en iets te ervaar van jongmense wat met mekaar oor geloof praat. Maar nou is ons in piek van die Covid-storm. Ons probeer wel om nog steeds met die jeuggroepe aan te gaan. Moedig asseblief die jongmense aan om by die gesprekke in te skakel. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

Uitreik

Uitreik - kan jy help met komberse?
Booysens Beertjies kleuterskool benodig dringend komberse en wintersklere vir hulle kleuters wat eersdaags terugkom skool toe. Indien jy kan help met 'n kombers of klere vir 2-5 jariges laai dit gerus by die kerkkantoor af. Merk asseblief die sak 'Booysens beertjies klere'. Kontak gerus vir Fay (083 478 0854) indien jy meer inligting verlang.

Blikkieskos.
Daar is nogal heelwat mense wat kom aanklop vir kos by die Kerkkantoor. As jy 'n paar reserweblikkies in jou koskas het, wil jy dit nie asseblief by die Kerkkantoor kom aflaai nie?

Ongesteld

Susan Barnard van Machteld Postmus ondergaan vandag 'n operasie aan haar hand.
Magdaleen du Plooy van Maroelana is mooi aan't herstel na haar covid-infeksie.
Hanna Joubert, dogtertjie van Danie en Izaan wat in Andersonstraat woon.
Lizette Lombaard van Menlopark se suster en haar seun is positief getoets vir Covid-19 en is baie siek.

Orrelkonsert uit NG Skuilkrans

Jy kan inskakel en heerlik na dertig minute se orrelmusiek van Maricus le Grange en Rolf Rencken luister!

Hierdie week besoek hulle NG Skuilkrans en kuier by Isabelle van Rensburg. Gaan kyk gerus en sluit aan by hulle kanaal. Konserte is beskikbaar op Sondae van 08:00 af. Dankie vir almal se ondersteuning!
Volg net dié skakel -
https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg

Verjaarsdae 19 - 25 Julie

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 19 Julie:
Johannes Boshoff, Odette Botma, Reghardt Coetzee, Ruan Jacobs, Desmond Krogh, Antoinette Schoonees, Hennie Sevenster, Lindi van der Merwe, Derik Venter, Louis Wessels, Reneé Wright.

Maandag 20 Julie:
Cora Badenhorst, Esté de Beer, Stephan Lombaard, Sonja Mentz, Shani Roodt, Cobus van der Vyver, Jackie Verhage.

Dinsdag 21 Julie:
Philip de Vos, Simonne Dreyer, Jeanette Erasmus, Minée Heyns, Frik Janse van Rensburg, Amanda Kruger, Alta Rossouw, Mariën Strydom, Chantel Troskie, Elrida Willemse.

Woensdag 22 Julie:
Desiree Kruger, Wihan Snyman.

Donderdag 23 Julie:
Jannis Basson, Wikus Borman, Pieter Esbach, Janelle Kirkpatrick, Ilse Kritzinger, Corrie Olivier, Andri Prinsloo.

Vrydag 24 Julie:
Gerrit Dreyer, Kayla Haarhoff, Chris Hatting, Corlene Jansen van Rensburg, Helen Massyn, Isak Minnaar, Rozanne Shawe, Leone van Zyl.

Saterdag 25 Julie:
Lienke Basson, Jaco Bernard, Ela de la Bat, Reinie Dreyer, Alexander Jakobus Graaff, Zayden Jansen van Vuuren, Anton Maré, Saartjie Olivier, Henry Oltman, Frikkie Rheeder, Stefan Steyn, Rina Verwayen.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za